## Louis Hendrik Claassen
## (10 Desember 1943 – 13 Julie 2008)

Louis Claassen wat tussen 1980 en 1999 aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) Geskiedenis gedoseer het, was ŉ alleenmens, ŉ privaatmens wie se persoonlike sake sy eie was, maar hy het ŉ lewendige belangstelling in wat om hom aangaan gehad, en hy het die samesyn met ander geniet en graag gekuier.

Ten spyte van ŉ besondere skoolprestasie in Wiskunde, het die skryfkuns hom gelok. Daarom het hy in Lettere aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer, waar sy ander groot belangstelling, sport, hom na na die sportredaksie van die studentekoerant gelei het. Afgesien van sy voorkeur vir rugby, krieket en later Formule 1-motorsport, was hy veral geïntereseerd in die mense wat sy lieflingsportbeoefen het. Soveel so, dat die redakteur hom by geleentheid moes maan dat daar ook ander sportsoorte by Stellenbosch beofen word en dat dié ook presteerders oplewer wat aandag verdien het.

Tyd was vir Louis nooit ŉ faktor nie. Hy was op sy gelukkigste as hy rustig sy ŉ gunsteling sportsoort, hetsy dag of nag, op televisie kon dophou. Dit het hom handig te pas gekom toe hy as lid van die nuuskantoor by die voormalige SAUK by die regte plekke kon wag vir ŉ goeie nuusbrokkie wat oor die eter uitgesend kon word. Sy liefde vir die geskiedenis en die taal het nie agterweë gebly nie en sy magister, *Die ontstaansgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns* (RAU, 1977) het die pad na Unisa vir hom oopgemaak.

Sy voorliefde vir donkerblou klere het van hom ŉ bekende figuur in Unisa se gange gemaak as hy soggens met twee houers koffie vanaf die kafeteria by die kantoor aankom – altyd dieselfde tyd, nooit laat nie. Die koffie, wat hy koud gedrink het, was die brandstof wat hom vir sy dagtaak aan die gang gehou het. Sy studente moes regverdig beoordeel word, al het dit die meeste van sy tyd en energie in beslag geneem – ook ten koste van sy eie verdere studie oor sy geliefde tema, die Afrikaanse taal. Regverdigheid was ŉ beginselsaak, en vir Louis was sy beginsels die kardinale riglyne vir sy lewe, al was dit soms tot sy eie nadeel. Hy sou geen kompromieë maak nie, al sou sy vertroue in en sy bewondering vir mense soms vir teleurstellings sorg.

Soos sy lewe, was sy heengaan onopsigtelik en stil, een kant, buite die kalklig.

*Frik Nöthling*